
# LEESDINGE

**DEUR** PHYLLIS GREEN pgreen@media24.com of @phyllis9435 op Instagram



kom die lug is uitbundig
'n koninkryk sipresse groei uit die hart uit op
roerige engele met aandagtige gesigte van duiwe
sal jou heilig

**Uit Hilda Smits se gedig "Koringlande met sipresse, Van Gogh" in die bundel *Mag die diep slaap jou dan* (Protea Boekhuis, R220)**






## SO SÊ HULLE OP SARIE.COM

**James Scott oor sy memoires, *Dan sien ons mekaar* (Protea Boekhuis, R320)**

**Was die skryf van die boek vir jou ook 'n terapeutiese proses?**
Inderdaad. Ek moedig my kliënte aan om 'n joernaal te hou van hul gedagtes en gevoelens op hul lewenspad. Hierdie praktyk is betekenisvol in 'n selfontdekkingsreis. Ek het toegepas wat ek vir my kliënte aanbeveel.

**Jy skryf oor jou kinderjare . . .**
My pa was predikant by die Baptistekerk in Welkom, maar het ook periodiek sendingwerk in Afrika gedoen en later was hy 'n werknemer van die Sending aan die Melaatse. My ouers het ons kleurblind grootgemaak en geleer om nie teen ander te diskrimineer nie, dat geen mens belangriker as 'n ander mens is nie. Hul pastoriedeur was oop vir almal wat swaarkry. Dit het by my die geloof ingeskerp dat alle mense waardig is en empatie verdien.

**En oor veroudering . . .**
Ons persepsie van ons fisieke voorkoms is een van die komponente van ons selfbeeld. Tog is dit die deel van ons wat kwynend is. Ek het nog altyd deernis gehad met kliënte wie se positiewe selfsiening primêr gekoppel is aan hul voorkoms. Die les wat ek geleer het: Ons is nie ons doppe nie. *Beauty lies in the eyes of the beholder.* Ek skryf in my boek oor die terapeutiese pad wat ek met die tagtigjarige Ellen gestap het: "My gedagtegang tas na waarom Ellen vir my mooi is, en ek weet dis nie fisieke skoonheid nie. Ek dink jonkheid en rypheid het in haar kop en hart getrou. Hierdie sprankel-deurleefdheid kweek 'n innerlike skoonheid wat tydloos is. As dit deurskyn, vervaag jou verrimpelde dop – selfs deur die oë van dié veel jonger as jy."

Lees die volledige onderhoud met James Scott op SARIE.com




## Bruce Murray Arnott: Into the Megatext

**geredigeer deur Mari Lecanides-Arnott en Sven Christian (Print Matters Heritage, R790)**

Die boek gee 'n wonderlike oorsig oor Bruce Arnott se kunsloopbaan. Sy invloed as beeldhouer, vakkundige, ontwerper, kurator en leermeester het 'n beduidende verskil aan die kunstoneel gemaak. Nie net met sy uitstallings nie, maar ook as dosent het hy baie jong kunstenaars gehelp om hul eie kreatiwiteit te ontgin en hul plek in kuns te vind.

Arnott het inspirasie uit die geskiedenis, mitologie, sielkunde, ekologie, opvoedkunde en volhoubare ontwerp geput en dit is ook weerspieël in hoe sy loopbaan verloop het. 'n Uiteenlopende groep bydraers beskryf in hul essays die verskillende aspekte van sy loopbaan en gee insig in hoe hy sy projekte beplan en uitgevoer het. Hulle belig ook sy bydrae tot die opvoedkunde. Die tweede afdeling van die boek bestaan uit artikels en toesprake wat Arnott geskryf het. Die laaste deel bevat 'n chronologiese fotografiese oorsig van al sy beeldhouwerke, asook koerantartikels en sketse met kort beskrywings. Soos 'n mens deur die boek blaai, herken jy sy beelde wat in heelparty openbare ruimtes opgerig is. Waarlik inspirerend! **– Phyllis Green**

Foto's verskaf
* Pryse is voorgestelde pryse en kan verskil van winkel tot winkel